"TWO CENTS"

'N MODERNE "BARMHARTIGE SAMARITAAN" STORIE

ELSPETH LIEBENBERG

"Wat het geword van ubuntu?"

Luister word prakties wanneer mense in beweging kom vir die gemarginaliseerdes. Hier is 'n verhaal van 'n lidmaat wat genoeg omgegee het om betrokke te raak, al was dit gevaarlik en al het dit onkonvensionele metodes gevra. Name en plekke is verander ter wille van die situasie.

Grace het vir 27 jaar vir Estelle gewerk – aanvanklik uitstekend, maar in later jare, soos ouderdom en 'n toenemende drankprobleem sy tol geëis het, al slegter. Estelle het vir Grace belê in 'n pensioenfonds, en het met groot moeite vir haar 'n eie huis bekom.Toe Estelle-hulle dus Johannesburg toe trek, het sy darem gerus gevoel dat Grace versorg is, en sy het my gevra om net so 'n ogie te hou.

Aanvanklik het dit goed gegaan, maar so 'n paar maande gelede kon ek agterkom dat dinge nie lekker is nie. Grace het sigbaar maer geword en gedurig gekla dat sy honger is. Sy wou nie geld hê nie, maar het gevra vir kos. Snuf in die neus het ek begin snuffel, en my vermoede is bevestig: In 'n oomblik van swakheid en dranklus het Grace geld geleen by 'n "skopper" soos sy sê, en van toe af is sy in sy kloue. Hy het haar identiteitsdokument en haar pensioenkaart geneem en elke pensioendag neem hy tot 60% van haar karige pensioen "om haar skuld te delg". Hoeveel geld sou sy kon leen? Arme Grace het nie 'n idee nie. Toe ek haar vra wat sy skuld, sê sy verwese vir my: "Two cents, Madam."

Estelle was woedend toe sy hiervan hoor en wou dit nie daar los nie. Ons het begin rondbel en ek het begin rondry en al Grace se familie (waarvan party darem meer geletterd as sy is) bymekaar gekry om agter die kap van die byl te kom. Ons vind toe uit dat die geldskieter ("loan shark", noem Estelle hom) 'n familielid van Grace is en 'n gerespekteerde begrafnisondernemer met volstruisleerskoene en 'n BMW. Hy neem bo en behalwe die 60% van Grace se pensioen ook nog R50 per maand vir 'n begrafnispolis, en dan het hy ook lewensversekering op Grace se lewe uitgeneem met homself as die begunstigde. Die paaiemente hiervoor word natuurlik ook uit Grace se pensioengeld betaal, wat dan beteken dat sy letterlik niks oor het om van te leef nie.

Eers het Estelle 'n vriend gestuur om op pensioendag 'n foto te gaan neem van

die geldskieter, en deur hom te laat dink dat Grace nog baie geld in die bank het, het sy in kontak met hom gekom. Toe begin die heen-en-weer bellery. Hy weet nie wat ek en Estelle reeds weet nie, en doen hom voor as 'n weldoener wat bereid is om Grace se geld vir haar te bestuur sodat die skoppers nie hulle hande daarop kan kry nie! Uiteindelik vlieg Estelle Kaapstad toe, en ons nooi vir Patrick na my woonstel toe waarheen hy gretig en niksvermoedend kom.

Ons eerste versoek was dat ons graag Grace se identiteitsdokument wil hê sodat ons vir haar 'n bankrekening kan oopmaak. Maar hy sê hy het nie die "aaidie" nie, dis by 'n "ander vrou"en dié is glo in Bisho. Ek vra hom toe wat Grace kry vir haar begrafnispolis van R50 per maand by hom. "'n Gat, 'n kis, 'n kruis, 'n blom, 'n bus" tel hy dit so op sy vyf vingers af. En die lewensversekering? Die betaal glo R7000 uit, waarvan hy 'n hele R3000 vir die familie gee, vertel hy trots. Wat skuld Grace, kan ons die skuld aflos om die "aaidie" tog net te kry, vra ons. Skielik is hy dom, hy weet nou regtig nie. Estelle dreig hom met die polisie, hy vererg hom en sê ons moet hom nie dreig nie, hy "ken mense".

Dis toe dat Estelle in trane uitbars: "Al wat ek soek, is iemand wat sal toesien dat Grace net een ordentlike bord kos elke dag kry, maar ek kry niemand tussen julle, haar eie familie, om dit te doen nie – julle besteel haar net. Wat het geword van ubuntu?"

Die wit vrou se trane het Patrick se hart aangeraak. Hy sê nou voel hy skaam. En met rede ook, sê ek en gaan sommer dadelik oor in sendeling-"mode": ek deel die Evangelie met hom, gee vir hom 'n video van die Jesus-film in Xhosa, en hy raak al hoe skamer. Goed, sê hy, hy sal Maandagoggend by my wees met Grace en haar "aaidie", maar hy wil 'n waarborg hê dat ons dan haar skuld sal betaal. Jy sal ons maar net moet vertrou, sê ons, want ons weet nou al ons kan jou nie vertrou nie.

Estelle moet intussen weer terug Johannesburg toe, maar Maandagoggend is Patrick toe daar voor my deur met sy blink BMW en 'n vaal Grace. Ek laat haar inkom maar hou die veiligheidshek tussen my en hom. En nou lyk dit soos iets uit 'n "gangster-movie": Ek waai vir hom die geld wat hy beweer Grace skuld (R1,300), en sê hy kry dit net as ek die "aaidie" in my hande het. Hy maak sy tas oop en daar lê die bondels en bondels groen…."aaidie"-boekies! Soek-soek, en sowaar, daar is Grace s'n. Ons maak die ruil, en toe eers wys ek vir hom my troefkaarte: Ek het 'n foto van hom, 'n foto van sy BMW met die nommerplaat duidelik leesbaar daarop, sy adres en volle naam (dié het ons by die ander familielede gekry en bevestig deur hom skelmpies per motor te volg) en die dokument wat ek hom laat teken het waarin hy verklaar dat sy niks meer skuld nie, en nou dreig ek skaamteloos: as Grace iets sou oorkom, enigiets, dan gaan ek polisie toe met al my bewyse.

Hy word grys in sy gesig – hoe kan hy waarborg dat sy niks gaan oorkom nie? Wel, jy sal maar nou haar beskermheer moet wees, sê ek. Hy het die Jesus-film gekyk, probeer hy, hy's 'n goeie man, regtig. "Ja right," dink ek in my kinders se taal.

Ek hou toe vir Grace by my, ons gaan maak vir haar 'n bankrekening oop waarin haar pensioen van nou af elke maand direk inbetaal word, en omdat ek ook binnekort trek, onderneem Lida, 'n vriendin van my en Estelle, om eenmaal per week vir Grace te gaan haal om inkopies te doen. Ons neem nie die risiko dat Patrick dalk sy hande op Grace se bankkaart kan lê nie, goeie man of te "not"!